basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Kwatryne" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. " 'last grave at dimbaza' " | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Die skedel lag al huil die gesig" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. " 'n tipe epistemologie van water" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Inversie" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 14. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 12–15 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**

Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, O Regisseur.

**11**

As daar applous was vir die laaste maal
en U die décor moeg na onder haal,
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**

In hierdie klug vergeet soms ’n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**

Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant
nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterdoek ’n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin*, 1954]

In hierdie gedig dink die spreker na oor lewenskwessies.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**"last grave at dimbaza" – Fanie Olivier**

beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

[Uit: *skimmellig*, 1978]

2.1 Haal 'n frase uit versreël 1–3 aan wat by die somber stemming in die gedig aansluit. (1)

2.2 Wat is die funksie van die alliterasie in versreël 4? (1)

2.3 Benoem die beeldspraak in versreël 5–6 en dui aan wat die spreker in die gedig daarmee wil bereik. (2)

2.4 Herlees versreël 15–19.

Benoem EEN retoriese middel wat gebruik word. Hoe dra die retoriese middel tot die ma se emosie by? Watter beeldspraak word gebruik om die ma se emosie weer te gee? (3)

2.5 Waarom is dit geslaagd dat die adres (versreël 28–29) so volledig gegee word? (1)

2.6 Dink jy die Engels in versreël 34–35 is gepas? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

Eendag, sal ek, weet ek, die dood
met laggende skedel trotseer. Minstens
my sin vir humor sal ek behou. Maar
of ek soos oorlee mevrou Ples en soos
die bloubok van my geboorteland
ook ’n glaskas in ’n museum sal haal?
’n Seldsame dier is die mens nou nie juis.

Tog, hoe slim tog is ons met ons
innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk
die groot swaaiende hyskraangebare
waarmee ons wolkekrabbers reghoekig
neerplak in woon- en sakekomplekse.
Merkwaardig ons grabbelende navorsing
dwarsdeur dolomiet om ons arms diep
soos skagte te sink en die grys erts
te gryp en op te trek, te vergruis en te
veredel tot staaf op staaf korfagtig
gepakte kluise van belegging. A ja,
wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand
tot vuurstof te verryk wat as ons wou
alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing
woes skoon kan laat ontbrand.

Ek sê mos die skedel lag
al huil en huil die gesig.

[Uit: *Van vergetelheid en glans*, 1976]

3.1 Hoekom maak die ek-spreker in versreël 1 van inversie/omgekeerde woordorde gebruik? (2)

3.2 Wat suggereer die spreker met die gebruik van “laggende skedel” in versreël 2? (1)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Dink jy dis regverdig dat die sin in versreël 7 na die mens as ’n “dier” verwys? Motiveer jou antwoord binne konteks van die gedig. (1)

3.4 Watter negatiewe beskuldiging ten opsigte van die mensdom word met die woorde “grabbelende navorsing” in reël 13 gesuggereer en in watter mate sluit die beeld in reël 17 by hierdie suggestie aan? (2)

3.5 Herlees versreël 21–22.

Wat is die oorheersende stemming in die versreëls? Benoem die klankeffek/ halfrym en stylfiguur in hierdie versreëls wat dié stemming ondersteun. (3)

3.6 Dink jy die inhoud in strofe 2 dra by tot die spreker se finale insig in die slotstrofe? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome …
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die dieptes …
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
kateders, kroegtoonbanke en ’n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop ’n norring vare en moere met kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio’s eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het … tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, ’n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer …

[Uit: *Die ongedanste dans – Gevangenisgedigte* 1975–1983, 2005]

4.1 Haal ’n woord uit versreël 1–2 aan wat die weer beskryf. (1)

4.2 Herlees versreël 8–11.

Op watter wyse word die onordelikheid van die vlugtende mense en diere uitgehef? (1)

4.3 Benoem die retoriese middel in versreël 18 en gee die funksie daarvan binne konteks van die gedig. (2)

4.4 Hoekom is die gebruik van die enjambement in versreël 19–20 funksioneel? (1)

4.5 Wat is die tema van hierdie gedig? Haal VYF opeenvolgende woorde uit versreël 21–22 aan wat by hierdie tema aansluit. (2)

4.6 In hierdie gedig word die uitwerking van die vloed op die mens én dier beskryf.

Gee TWEE redes vir die stelling en haal VIER opeenvolgende woorde aan om te bewys dat die spreker nie onderskeid tussen die mens en dier tref nie. (3)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Inversie – Susan Smith**

Wat sou ons tog sonder ons Woollies doen
lamenteer sy haar lot
by beringde vriendinne
en volvoer dan geoefen
die voorstedelike gebod: fyn gebak
aangebied op die beste servies, met silwer
vergesel, geweerkaats in oker en glas. Sappige happies vertel
oor nuwe vakansiehuise en reise
en die kinders se buitemuurs en aai, die prys
van patee, darem.

In Mdantsane Duncan Village en Ducats woon mense
sonder huise sonder lig
in duisende donker sinkkaias en houtshacks.
In Nompumelelo se hospitaal
is geen suurstof
geen eetgerei: verpleërs voer pasiënte
klontjies kos bymekaargeknyp
per hand gedeponeer in wagtende monde
soos kwylende babavoëltjies in 'n nes.
In die skemer agtererf-kamertjie
sit 'n vrou op 'n afgeleefde stoel
sorgvuldig koerantpapier in patroontjies en skerf
vir rakke tuis.

Soos ons is,
So is ons.

[Uit: *Nuwe Stemme 1, 1997*]

5.1 Wie is in die eerste strofe aan die woord? (1)

5.2 Hoe voldoen die spreker aan die "voorstedelike gebod" waarvan daar in versreël 5 sprake is? (1)

5.3 Skryf die figuurlike betekenis van die woorde "Sappige happies" in versreël 7 neer. (1)

5.4 Die inhoud in versreël 5–6 kontrasteer met die inhoud in versreël 16–17.

Haal DRIE voorbeelde wat op kontras dui uit dié versreëls aan. (3)

5.5 Watter houding word onderskeidelik in versreël 1–10 én in versreël 11–23 opgewek? Hoe sluit versreël 24–25 by dié verskil in emosie aan? (3)

5.6 Stem jy saam dat hierdie gedig aktueel vir Suid-Afrika is? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris se ouers en haar susters, Elsa en Kara, se verhoudings met hul lewensmaats beïnvloed Iris se siening van die huwelik.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

“Elsa,” het sy streng gesê. “Wat draai julle so? Jou ma het my gestuur om te kom kyk waar julle bly.” (Lank voor dit die aanbevole ding was om te doen, het sy ons op ons name genoem. Toe ek haar eenkeer gevra het waarom my maats se huishoudsters hulle “kleinmies” noem, het sy gesnork en gesê: “ ’n Snotkind soos jy ‘kleinmies’ noem?” Ek kon nie stry nie, sy het ’n punt gehad.)

“Ons kom,” het Elsa gesê en haar handsak gegryp.

“Wat van ’n kraletjie om die nek?” het Johanna gevra. “Of ’n ou serpie?”

“Dis te warm.”

Johanna het gesnuif en die string nagemaakte pêrels om haar eie nek losgemaak en om Elsa se nek gehang. “Something borrowed, something blue …”

“Vergeet dit,” het ek gesê. “Dis soliede wit katoen daaronder.”

“Julle’s almal laf,” het Elsa gesê en lipstiffie aangesmeer. “Daardie ou rympie geld net vir die bruid. Vir die trouery self, bedoel ek.” Maar sy het die pêrels aangehou en die deur oopgemaak.

“Sorg net dat jy dit terugbring,” het Johanna gesê. “Dis my enigste blinkding.”

Natuurlik het ek die ruiker gevang al het Kara, wat ’n beter netbalspeelster was as ek, my byna onderstebo gespring. Almal het die verwagte opmerkings gemaak al kon ek sien Kara reken ek staan nie ’n kat se kans om voor haar te trou nie. Ek was geneig om met haar saam te stem; sy was ouer en mooier en tot ek ’n Eduard, St. John of Richard raakloop, was ek nie van plan dat enige Riekie of Hannes my in katoenonderklere kansel toe sleep nie.

7.1 Wat is die geleentheid waarvoor Johanna die susters kom roep? (1)

7.2 Iris is die verteller in die verhaal.

Watter beperking plaas dit op die leser se siening van die gebeure? (1)

7.3 Die gebruik van die aanspreekvorm "kleinmies" (reël 4) dui op die politieke tydperk waarteen die inhoud afspeel.

Watter politieke tydperk is hier ter sprake? (1)

7.4 Herlees reël 3–6.

Hoe verbreek Johanna die stereotipering van huishulpe in TEKS A? Gee TWEE voorbeelde uit die roman van haar rol as plaasvervanger-ma vir die drie susters. (3)

7.5 Wat lei die leser uit die teks én die res van die roman af omtrent Johanna se verhouding met Iris en haar familie? (1)

7.6 Waarom is Iris ontsteld oor Elsa se houding ten opsigte van 'n troue? Noem die ironie in haar ontsteltenis daaroor in die lig van haar eie troue. (2)

7.7 Wat impliseer Iris as sy na 'n Eduard, St. John of Richard verwys? Hoe verskil Iris se siening van die huwelik met dié van Elsa én Kara? Hoe verander dr. Anders se egskeiding Iris se siening van die huwelik? (4)

**EN**

**TEKS B**

"Waar's jou boyfriend?"

"Jy weet ek het nie een nie."

Sy het haar oë opgeslaan dat ek net twee wit sirkels in haar bruin gesig kon sien. "Keer my as ek dit verkeerd het," het sy teatraal aangekondig. "Jy gaat alleen na die paartie?"

"Ja."

"Wat het van die Riekie-man geword?"

Ek het my tjalie om my skouers geknoop. (Ek was daarin toegedraai toe ek gedoop is en was verknog aan die ding.) "Herder, Johanna, ek het hom twee jaar laas gesien."

"Dan's dit hoog tyd jy kry 'n ander een."

Profetiese woorde.

Toe ek ná die partytjie deur die donker, besadigde strate huis toe ry, het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en so ondeurdag aan Peter afgegee het. En dit bloot omdat sy fisionomie en naam my aan iemand anders herinner het.

Ek het byna die posbus op die hoek naby ons huis omgery, so ingedagte was ek.

My pa het my leer bestuur. Oorspronklik. Sy bevele het bestaan uit kortaf: "Nee, só," of nog korter: "Oppas!" Ná ek die motor in trurat gesit het sonder om eers die koppelaar te trap, het hy 'n bestuurskool gebel en vir my 'n afspraak gemaak.

Ek moes my instrukteur in die middestad ontmoet en toe ek by hom kom, het hy reeds gaperig in die motor gesit en wag.

"Kan jy bestuur?" het hy my gevra ná ons gegroet het.

"Nee."

"Klim in," het hy beduie.

Kopiereg voorbehou 

7.8 Hoe het Iris en Kara onderskeidelik gereageer op Elsa se swangerskap? (2)

7.9 Waarna verwys die woorde in reël 12? Dink jy dié insident het uiteindelik tot Iris se blomtyd gelei? Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit die roman. (3)

7.10 Die aand van hul ontmoeting beïndruk Peter Iris met sy kennis van die betekenis van haar naam.

Noem die betekenis van haar naam wat Iris verbaas het. Motiveer met TWEE redes waarom hierdie betekenis van haar naam nie vir Iris op haarself van toepassing is nie. (3)

7.11 Herlees reël 13–16.

Benoem die konflik wat Iris ervaar en verwoord die aard van die konflik. (2)

7.12 Herlees reël 22–23 (TEKS A) en reël 7 (TEKS B).

Wat was Riekie se rol in die intrige van TEKS A en hoekom was hy nie meer haar “boyfriend” in TEKS B nie? (2)

**[25]**

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Ouma Essie se uitlewing van Christenskap beïnvloed Baas se siening en uitlewing van Christenskap.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

“Lyk my jy weet ook van alles, Riekert. Ek is nuuskierig. Wat weet jy nog van my?” Baas leun teen die bakkie.

“Moenie my verkeerd verstaan nie, Baas. Ek probeer glad nie insinueer dat jy finansiële probleme het nie. Ek sê net as jy my dalk eendag nodig kry, vra maar daar by Kubu Lodge. Hulle sal weet waar ek is. En, soos ek gesê het, ek betaal goeie pryse. Jy lê hier teen Angola, man. Noudat ou Savimbi se Unitatjies honger word, kom hierdie klippies by die honderde oor die grens. Dis makliker as maroelas optel.”

“Nog iets?” vra Baas, sy een arm op die oop deur, die ander arm op die Land Rover se dak.

“Jy laat my skoon vasgekeer voel, ou maat.” Riekert stryk met sy plat hand oor sy kop. “Lyk my jy en hierdie hond van jou is ewe wantrouig. Moet nou nie koppig wees nie, man. Hierdie rivier is nie elke ou se maat nie. En die Zambezi Joy is gedaan. Jy mors jou tyd. Sy sal nooit weer water toe gaan nie. Dink mooi: Hierdie soort klippies is dalk net wat jy nodig het om ’n nuwe begin te maak. Ons weet almal jy wil ’n toerbesigheid begin. In jou kop lyk dit miskien na ’n wenner, maar op die ou end loop jy met ’n bondeltjie op jou rug uit Barotseland weg.”

“Of ek sit met ’n splinternuwe boot met ’n splinternuwe naam,” glimlag Baas.

“Geheimsinnig oor die nuwe naam?”

9.1 Hoekom is Riekert se teenwoordigheid op Manaka onwelkom? (1)

9.2 Riekert verwys in reël 4 na Baas se “finansiële probleme”.

Gee redes vir hierdie “probleme”. Wat was die uiteindelike gevolg vir Baas as jy die tema van omgee/Ubuntu/mededeelsaamheid in gedagte hou? (3)

9.3 Herlees reël 3–11.

Van watter karaktereienskap van Baas is Riekert bewus? Hoe ondersteun Grace se siening van Baas dié karaktereienskap? Dink jy Baas se reaksie op Riekert se voorstel is realisties? Motiveer jou antwoord uit die roman. (3)

9.4 Hoekom is Baas “wantrouig” teenoor Riekert en hoe loop Riekert se plannetjies op Manaka uiteindelik skeef? (2)

9.5 Herlees die onderstreepte sin in reël 16.

Hoekom wou Baas ’n toerbesigheid begin? Slaag Baas in sy doel? Motiveer jou antwoord uit die roman. (2)

Kopiereg voorbehou 

9.6 Wat is die boot se nuwe naam? (1)

9.7 Motiveer waarom die latere antwoord wat Riekert self op sy vraag in reël 21 gee, ongeregverdig is. (1)

**EN**

**TEKS D**

Baas loop in die aandskemering in die voetpad langs teen die rivier af. Die nuwe hondjie byt sy voete. Sy ander honde is ook by. By die kameeldoring wat die olifante omgestoot het en wat weer begin groei het, gaan sit hy op die skuins stam.

Laat in die nag loop hy terug om op sy slaapsak onder die worsboom te gaan slaap.

Toe dit lig word, kom Grace van Mubuyu af om hom te kom help. Hulle maak die bankies klaar.

Onderkant Manaka, waar die water oor die rotsbodem spring, is daar nie 'n plek om met ’n mukolo deur te gaan nie. In Grace se mukolo gaan hulle al in die stil water langs teen die rivier op na die sandbanke toe waar die stroom rustiger is. Sy bring hulle veilig aan die oorkant.

“As ’n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself,” sê Baas ingedagte.

“Dit is hoe dit is, meneer Baas. ’n Bietjie van my huil is ook oor myself.”

Hulle sleep die mukolo tussen die riete in tot op hoër grond.

“Jy moenie weer vir my 'meneer' Baas sê nie,” sê hy.

“Dit is hoe die gewoonte hier rond is. Ek sal nie weet hoe anders om te praat nie.”

“Sê net 'Baas'. Dit is wat my naam is.”

“Ja, Baas,” sê Grace.

Hulle loop agter mekaar in ’n olifantpad teen die rivier af om na die boot wat in ’n baie ou kanaal vasgespoel het te gaan soek.

9.8 Wat impliseer die uitgroei van die kameeldoring in reël 2–4? Watter latere handeling van Baas en Grace sluit hierby aan? (2)

9.9 Wat het met die vorige houtbankies onder die worsboom gebeur? Hoe dra die houtbankies later tot konflik tussen Baas en Nanna by? (2)

9.10 Baas en Grace maak die “bankies” onder die worsboom “klaar” (reël 8).

Watter boodskap/suggestie lê opgesluit in die voltooiing van die “bankies”? Hoe het Whitey en Grace onderskeidelik tot hierdie optrede van Baas bygedra? (3)

9.11 Baas sê ingedagte dieselfde woorde (reël 13–14) wat Grace vroeër gebruik het.

Hoe het Riekert (TEKS C) én Baas bygedra tot Grace se “huil oor haarself”? Gee TWEE redes waarom jy met Grace oor hierdie “huil” kan simpatiseer. (4)

9.12 Lees die beskrywing in reël 22–23.

Dink jy die gebruik van ’n alomteenwoordige verteller in hierdie konteks is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In *Vatmaar* hou die huwelike van oom Chai, mevrou Bosman, die Lewis-egpaar en die vriendskap van Ma Khumalo met Norman van der Westhuizen gevolge vir hierdie genoemde én ander karakters in.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

Dit het die jong man rasend gemaak, maar dit het hom ook op ’n manier gehelp want hy het nou net een gedagte in sy kop gehad: Ek moet gesond word sodat ek na haar toe kan gaan. Om my hier te lê en verknies sal niks help nie.

Hy het sy bene begin oefen en nie lank nie of hy kon na sy ouers se huis toe gaan. Hy het dadelik sy baas gebel en gesê hy is reg om weer te begin werk.

Kenneth, het Mister Burns gesê, take some extra time. I’ll come to fetch you in three weeks’ time.

Sy ma het al klaar weer meisies begin uitnooi om by haar seun te kom kuier. Hy is troubaar en hy kan sy vrou alles gee wat sy nodig het, het sy vir hulle gesê.

Party was onderwyseresse en ander verpleegsters by die hospitaal op die dorp. Hy het hulle almal geken en hy het niks vir hulle omgegee nie en ook nie hulle geselskap geniet nie.

Na net meer as ’n week bel hy Mister Burns weer op. Kom haal my, sê hy vir hom, of ek vat Sondagaand se trein.

Twee dae later hou Mister Burns voor Solomonstraat 18 stil. Mevrou Kleinhans was die eerste om hom te sien. Kom binne, Mister Burns, sê sy toe sy die deur vir hom oopmaak.

Hy het gevra hoe dit met Kenneth gaan. O, dit sal nog ’n maand of twee wees voor hy die huis kan verlaat.

11.1 Waarom is Kenneth in reël 1 “rasend”? Watter aandeel het mevrou Bosman in die verbrokkeling van Kenneth en Kaaitjie se verhouding gehad? (2)

11.2 Tant Wonnie vertel vir Mister Burns dat Kaaitjie aan ’n gebroke hart gesterf het.

Is dié oorsaak van Kaaitjie se dood geloofwaardig? Motiveer jou antwoord deur na die roman te verwys. Hoe reageer Kenneth op haar dood? Hoe skakel die Vatmaar-gemeenskap se optrede met die tema van onbaatsugtige liefde? (3)

11.3 Hoekom baat Kenneth se deursettingsvermoë (in reël 5–6) hom uiteindelik nie? Gee ’n voorbeeld uit die roman waar Kenneth weer hierdie karakter-eienskap openbaar. (2)

11.4 Herlees reël 8–9.

Motiveer Mister Burns se woorde en gee TWEE redes uit die roman vir die latere versuurde verhouding tussen Mister Burns en Kenneth. (3)

11.5 Hoekom tree Kenneth se ma in reël 10–12 só op? Dink jy haar optrede was regverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

11.6 Waarom het Kenneth se pa begrip vir sy seun se behoefte om by Kaaitjie uit te kom? (1)

**EN**

**TEKS F**

God, my God, het hy nou op sy bicycle gesit en dink. Ek dank U dat U weer die liefde in my hart herstel het. Laat my tog hierdie meisie aanvaar soos sy is, dat ek haar nie sal probeer verander nie. Want sy is onskuldig en rein in denke en dade. Laat my tog nooit die oorsaak wees van enigiets wat haar sal seermaak nie. Sy is myne en ek behoort aan haar. En gee dat ons U in ons saamwees sal eer, my God.

Voor sononder daardie middag het hy gesê: Suzan, ons moet die lamp by die kliniek gaan regmaak. Ek sal vir Heinrich dra, dan bring jy vir my die sak met die lampsakkies en die *Instructions.*

Hulle is eers na Nurse-sister Gous. Ja, sê sy, ek het al gewonder wanneer julle twee kom want die mense sê daar moet 'n sakkie in die lamp kom en jy het nie vir my so iets gegee nie.

Kenny tik met sy hand op sy sak. Hier is hulle, Suster.

Toe hulle naby die kliniek kom, kyk die vroedvrou skierlik rond en sê: Ek ruik rook, 'n groot veldvuur wat die Augustus-wind diékant toe waai.

Nooit het dit in haar kop opgekom dat dit die eerste gebou in die geskiedenis van Vatmaar is wat besig is om in vlamme op te gaan nie.

By die kliniek vra Kenny: Hoe gaan dit hier, Suster?

Doodgoed, sê sy. Party mense kom sit sommer net hier op die bankies en vergeet van die wêreld.

11.7 Watter morele kwessie het konflik vir Vatmaar se gemeenskap na Tant Wonnie se begrafnis veroorsaak? Hoe het die milieu 'n invloed op Kenneth en Suzan se hantering hiervan gehad? (2)

11.8 Watter handeling van Suzan versterk die tema van liefde? (1)

11.9 Na watter kliniek word hier verwys? Dra die oprigting van die kliniek by tot Kenneth se berusting? Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. (3)

11.10 Waarom is reël 4–5 (TEKS F) ironies ten opsigte van Kenneth en Kaaitjie? (1)

11.11 Daar is 'n verband tussen reël 13–15 (TEKS E) en reël 4–6 (TEKS F).

Hoekom tree Kenneth in beide tekste met respek teenoor meisies op? Hoe eer Kenneth en Suzan God se teenwoordigheid in hul verhouding? (2)

11.12 Waarom ervaar Suzan konflik oor die gebou (reël 16–17) wat afgebrand het? (1)

11.13 Waarom kan Kenneth vir Suzan met 'n geruste hart na sy ouers neem om te ontmoet? Waarom is dit gepas dat Kenneth Suzan *my als* noem? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Die handelinge van Cavernelis en Map ondersteun die tema van ’n uitsiglose bestaan waaruit niemand kan ontsnap nie.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

| | |
|---|---|
| TWEE: | O! *(Dan aan EEN)* ’Is die Star of the Redemption! Hulle practise al vir Krismis! Dan loep hulle mos! |
| EEN: | Star of the wat?! |
| DRIE: | Redemption, man! |
| ’N ANDER: | Star of the Redemption … |
| EEN: | O! Maar hulle practise darem vroeg al vi’jaar! |
| DRIE: | Well, Oompie Paulsen wil hê al die koppe moet hulle kant toe kom vi’jaar … |
| STEM: | Seker so … |
| | *Die orkes speel. Die mense praat. Die lig verander. Blanchie verskyn, mooi aangetrek, op pad uit. Ons sien vir Maud by ’n venster bo, vanwaar sy na onder loer.* |
| TOMMY: | Hello, Blanchie. |
| BLANCHIE: | *(traag om hom te groet)* O, hello, Tommy … |
| TOMMY: | Ek sê, Blanchie, jy moet maar yt-watch, jong. |
| | *Sy antwoord hom nie, stap verby. Die orkes stem instrumente op die agtergrond. Die kerrimspelers giggel en raak moveerderig met Blanchie wat straataf beweeg.* |
| TOMMY: | Sorry, Blanchie, ek't dit nie so ge-bedoel nie, man … |
| CYRIL: | Stýle, nè, sy't darem stýle, sê’k nie! |
| RICHIE: | Lekke’! |
| | *Blanchie verdwyn.* |
| CYRIL: | Have a nice time! … |
| | *Hulle speel.* |
| CYRIL: | Seker weer op pad wêk toe! … |
| | *Speel.* |
| CYRIL: | Wêk toe! Sê’k nie! Lonely hearts! Massage parlour! Fancy names! |
| RICHIE: | Okay, man … |

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Hoe mien julle? |
| CYRIL: | Jy wiet mos, man, hoe act jy so of jy ignorant is? |
| TOMMY: | Nei, hoe mien jy? |
| CYRIL: | Okay, hoe kom jy dan nou so vir haar op? Hê? |
| | *Stilte.* |
| CYRIL: | Omdat Map Jacobs nou ytkom en ammal moet nou beginne cover-up!? |
| TOMMY: | Moet nou nie mean wies nie, man … ’is nie onse biesagheit nie … |

13.1 Waarna verwys “Star of Redemption” en waarom is die naam nie gepas nie? (2)

13.2 Map sê in die drama vir sy ma dat Oompie Paulsen-hulle “regte” mense is.

Dink jy Oompie Paulsen het reg opgetree teenoor Map toe hy uit die tronk gekom het? Motiveer jou antwoord. Noem DRIE ander karaktereienskappe wat jy van Oompie Paulsen uit die drama kan aflei. (4)

13.3 Watter tema van die drama sluit by Maud se handeling in reël 12 aan? Waarom pas Maud se handeling by hierdie tema? Haal ’n woord uit reël 27–36 aan wat by dié tema aansluit. (3)

13.4 Herlees reël 17–18.

13.4.1 Hoekom tree die kerrimspelers “moveerderig” teenoor Blanchie op? (2)

13.4.2 Dink jy dat die optrede van die kerrimspelers regverdig is? Motiveer jou antwoord. (1)

13.5 Herlees reël 27–31.

Cyril maak hier ’n uitlating oor Tommy se optrede in die drama. Stem jy saam met die uitlating? Motiveer jou antwoord deur na die drama te verwys. (1)

**EN**

**TEKS H**

| | |
|---|---|
| APOSTEL GEORGE: | Ons het net ’n halfuur, missies Jacobs … Hulle gee ons net ’n halfuur … |
| MAP: | Apostel … |
| | *Stilte.* |
| MAP: | Ma … ’n Halfuur … Apostel George? |
| APOSTEL GEORGE: | Maar hulle moet ook verstaan, die Kerk moet met die nuwe bekeerling práát! Prýs die Here! |
| MAP: | Ja … |
| APOSTEL GEORGE: | Praise the Lord! Map Jacobs, praise the Lord! |
| MAP: | (*kniel*) Praise the Lord! |
| | *Antie Grootmeisie kniel in gelid met Map en Apostel George* |

| | |
|---|---|
| | *Net Map en die Apostel praat.* |
| APOSTEL GEORGE: | *(biddend, langs Map)* Hy wat die Here is, breek die gevangenis vir jou oop! |
| MAP: | *(bid ook)* Ek het vir Blanchie gesê, Hy breek die gevangenis vir my oop! |
| APOSTEL GEORGE: | Laat vir Blanchie staan, my broer! Praise Him! |
| MAP: | Ja, Hy sil die gevangenis vir my oopsluit … |
| APOSTEL GEORGE: | Jy het Hom ge-ervaar! |
| MAP: | Hy wat die Here is! |
| APOSTEL GEORGE: | Jy's nog nuut in die geloof, my nuwe broer! |
| MAP: | Ek verstaan! Maar die Here Jesus sal my help! Ek het vir Ma gesê, en vir Blanchie … |
| APOSTEL GEORGE: | 'Is goed dat jy dit verstaan, broer. Bepaal jou by die Here! Jou wit klere is nuut, maar die Here sal jou waarlik help! Jy het die wit klere aan … Glo jy dit? |
| MAP: | Ja. |
| APOSTEL GEORGE: | Jy moet gewoond raak aan hierdie nuwe klere, broer! Want kyk dit is wit, en jy het dit aan! |
| MAP: | Ek het die wit klere aan, ek weet! |

13.6 Hoe word Antie Grootmeisie en Ivan Philander by Map se tronkstraf betrek? (2)

13.7 Het Map soos 'n bekeerling opgetree toe hy uit die tronk vrygelaat is? Gee redes uit die drama vir jou antwoord. (3)

13.8 Hoekom dink jy sê Apostel George in reël 18 Map moet vir Blanchie "laat staan"? (1)

13.9 Herlees reël 19.

Hoe word die gevangenis later letterlik vir Map "oopgesluit"? Was Map toe werklik vry? Motiveer jou antwoord. (2)

13.10 Apostel George vergelyk Map later in die gesprek met 'n Bybelse figuur.

Met watter Bybelse figuur vergelyk Apostel George Map en waarom vergelyk Apostel George hom met dié figuur? Dink jy hierdie vergelyking is gepas? Motiveer jou antwoord. (3)

13.11 Haal 'n woord uit reël 1–7 in TEKS G aan wat by reël 31 in TEKS H aansluit. (1)
**[25]**

## *MIS* – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *MIS* – OPSTELVRAAG

Die handelinge van Miem, Meisie en Gertie ondersteun die tema van ’n uitsiglose bestaan en vasgevangenheid.

Bespreek hierdie stelling in ’n literêre opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS I**

MIEM: Wat was dit!
MEISIE: Wat, Ma?
MIEM: Sjuut! Ek het gedink ek hoor iets. *(Sit vooroor en luister aandagtig. Sug en sit agteroor)* Dis seker maar net die wind. *(Lieftallig en gerusstellend aan MEISIE)* Takke wat krap op die dak. Dis maar al.

*MEISIE hou op werk en luister.*

MIEM: En jy moet vinniger werk. Jy sal nooit klaarkry nie.
MEISIE: Ja, Ma.

MIEM: *Hulle werk vir ’n oomblik in stilte. MIEM tel haar voet op en laat dit op die stoel rus.*

Ja-nee. Vannag moet ’n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral. *(Skud haar kop en sug diep. Werk dan verder. Na ’n stilte)* Daar is mense wat sê dat dit iets … bonatuurliks is.
MEISIE: *(bang)* Hoe meen Ma nou?
MIEM: *(onheilspellend)* Iets … onheiligs. Iets wat ronddwaal … op soek na bevrediging … van onaardse drange.
MEISIE: O, dis verskriklik.
MIEM: *(gerusstellend)* Maar toe maar, my kind. Die dominee en al die ouderlinge bid die hele nag. Ag nee, nou het dit weer uitgegly. Sit tog vir my die garing deur, my kind. *(Hou die naald na MEISIE uit)* Al is die gat groot, sien ek maar sleg.

*MEISIE staan op en beweeg na die lamp op die wastafel om beter te sien.*

MIEM: *(sien skielik dat MEISIE by die venster uitloer)* En vir wat loer jy deur die gordyne!
MEISIE: *(vinnig)* Ek kyk net na die liggies.
MIEM: *(staan op. Kwaai)* Liggies! Jy weet ek het jou verbied!
MEISIE Ja, Ma. *(Steek die garing deur die naald, gee dit vir MIEM en gaan sit vinnig)*

15.1 Hoe word die leser se aandag onmiddellik in hierdie uittreksel verkry? (1)

15.2 Benoem die binneruimte in hierdie gedeelte. (1)

15.3 Watter stemming heers in TEKS I en hoekom heers hierdie stemming? (2)

15.4 Miem se baasspelerige houding jeens Meisie blyk uit reël 7. Gee TWEE ander voorbeelde uit die drama om aan te toon dat Miem dikwels so optree. Is Miem se optrede geregverdig? Motiveer jou antwoord deur na gebeure in die drama te verwys. (3)

15.5 Hoe sluit Miem se woorde in reël 10–12 by die tema van beswering aan? Gee ’n rede vir hierdie beswering. (2)

15.6 Hoekom is naald en garing (reël 18–19) ’n lewensaar in hierdie drama? (1)

15.7 Te oordeel aan reël 27 is Meisie gehoorsaam en gedienstig.

Hoe misbruik Miem haar gesondheid om Meisie gehoorsaam en gedienstig te hou? Wat het aanleiding daartoe gegee dat Meisie later in opstand kom? Wat is die uiteindelike gevolg van Meisie se verandering? (3)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(na ’n kort stilte)* Oor wat netnou gebeur het, Konstabel … Ek wil net weer sê ek is jammer. Dit was werklik net ’n misverstand. As daar enigiets is wat ek kan doen om te vergoed … |
| KONSTABEL: | Wel … daar is ’n klein gunsie wat u my kan bewys. |
| MIEM: | Seker, Konstabel. Alte graag, Konstabel. Wat is hierdie gunsie? |
| KONSTABEL: | Soos ek gesê het, het ek duidelike beelde van ouer dames … maar ek weet glad nie hoe jong meisies lyk nie. Ek sou baie graag die jong dame wou sien. |
| GERTIE: | Hoe bedoel u ‘sien’? |
| KONSTABEL: | *(glimlag en beweeg sy vingers soos voelers)* Met my vingers, Juffrou. Met my vingers. |
| GERTIE: | O! |
| KONSTABEL: | Dan sal ek ’n vae beeld kan vorm. |
| MIEM: | Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte. Meisie, sê vir die konstabel dit sal ’n plesier wees. |
| | *MEISIE sê niks.* |
| KONSTABEL: | Natuurlik, as die jong dame nie wil nie … |
| MIEM: | Ag, nee wat, sy is maar net skaam. Is dit nie so nie, Meisie? *(Dreigend)* Is dit nie so nie? |
| MEISIE: | *(sag)* Ja, Ma. |
| KONSTABEL: | Goed so, Juffrou, as u miskien hier voor my kom staan … |
| | *MEISIE loop stadig na die KONSTABEL en staan voor hom.* |
| KONSTABEL: | *(steek sy hand uit en raak aan haar)* Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my. |
| | *MIEM en GERTIE hou die KONSTABEL en MEISIE roerloos dop. MEISIE kniel stadig. Die KONSTABEL steek sy hand uit en streel oor haar hare. MEISIE maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.* |
| KONSTABEL: | *(prewel)* Mooi … mooi … |
| | *Die KONSTABEL raak saggies aan MEISIE se gesig.* |

15.8 Wat is die misverstand waarna Miem in reël 2 verwys? (1)

15.9 Wat impliseer Gertie se uitroep in reël 12? Noem TWEE moontlikhede. (2)

15.10 Die Konstabel is in hierdie uittreksel 'n manipuleerder.

Toon aan dat hy later in die drama vir Gertie ook manipuleer. Noem TWEE redes hoekom sy optrede teenoor Gertie onregverdig is. (3)

15.11 Watter ooreenkoms toon Miem en Meisie se optrede onderskeidelik in hierdie uittreksel met hul optrede in TEKS I? (2)

15.12 Gee TWEE redes hoekom TEKS J by die dramatitel aansluit. Wat sê die konstabel se optrede oor sy persoonlikheid in die konteks van universele waardes? Motiveer jou antwoord. (4)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.**

**NASIENRIGLYNE**

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERËRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die ek-spreker (as akteur) besin oor die akteur/mens wat dikwels lank moet wag/ geduld moet beoefen/afhanklik is van toestemming om sy/haar rol op die lewens-verhoog te gaan vertolk**, want die Regisseur is in beheer./Bv. versreël 3–4 (Kwatryn 10): *en wag dat u my toelaat om oplaas my rol te gaan vertolk* ...
- **Die mens se ongeduld en haas om sy/haar rol in die lewe/op die lewensverhoog te vertolk, word deur die spreker verwoord,** want dikwels moet die mens lank wag vir die geleentheid/toestemming wat hy/sy nodig het./Bv. versreël 1–2 (Kwatryn 10): *Agter die skerms, lank reeds gegrimeer .../... en wag dat u my toelaat om oplaas my rol te gaan vertolk* ...
- **Die ek-spreker spreek die mens se ongeduld om te wag op opdragte van die Regisseur in die gedig aan**, want die Regisseur/God besluit wanneer jy jou lewensrol mag vertolk./Bv. versreël 3–4 (Kwatryn 10): ... *en wag dat u my toelaat om oplaas my rol te gaan vertolk* ...
- **Die spreker, soos die universele mens, dink na oor sy/haar onsekerhede oor sy/haar lewe/werk/optrede/toneelspel,** want hy/sy wonder of daar enige erkenning sal wees./Bv. versreël 1 (Kwatryn 11): *As daar applous was vir die laaste maal ...*
- **Die spreker verwoord die mens se versugting na erkenning/regverdigheid in die lewensvraag of hy/sy regverdige beoordeling (wanneer hy/sy te sterwe kom) sal ontvang,** want regverdige beoordeling vir alles wat jy gedoen het/met moeite vermag het, is vir alle mense belangrik./Bv. versreël 4 (Kwatryn 11): *volgens ons moeite en geduld betaal?*
- **Die spreker wonder of hy/sy/die mens ooit regverdig vergoed/beoordeel sal word**, (**as hy/sy meer doen as wat van hom/haar verwag word),** want die lewe openbaar selde regverdigheid./Bv. versreël 3–4 (Kwatryn 11)*: sal U vir ons wat ons kostuums uittrek volgens ons moeite en geduld betaal?*
- **Die spreker dink na oor die lewensvraag of die mens kan voorgee om iets te wees wat hy/sy nie is nie** as hy/sy aan die einde van die lewe gestroop voor God staan**.**/Bv. versreël 3 (Kwatryn 11): *sal U vir ons wat ons kostuums uittrek ...*
- **Die spreker dink daaroor dat 'n mens soms vergeet om reëls te volg**, want die onverwagte/versoekings kom oor jou pad./Bv. versreël 1 (Kwatryn 12): *In hierdie klug vergeet soms 'n akteur heel onverwags sy reëls ...*
- **Die spreker dink daaroor na dat hy/sy sy/haar eie keuses/optrede/besluite in die lewenspel bepaal,** want daar is nie souffleurs wat vir jou voorsê wanneer jy die lewensreëls onverwags vergeet nie./Bv. versreël 4 (Kwatryn 12): *maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.*
- **Die spreker verwoord die mens se alleenheid in die lewenspel, want hy/sy kry nie hulp van ander nie**; die souffleur verleen nie hulp nie./kan nie gehoor word nie./Bv. versreël 4 (Kwatryn 12): *maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.*

- **Die spreker is van mening dat die lewe nie ernstig opgeneem kan word nie, maar ’n klug is** wat bestaan uit verskillende soorte situasies waarin onmoontlike dinge met jou gebeur./Bv. versreël 1 (Kwatryn 12)*: in hierdie klug vergeet soms ’n akteur ...*
- **Teen die einde van die lewe wonder die meeste mense oor die betekenis/waarde van sy/haar rol**, want die spreker verwys na ander toneelspelers wat dieselfde vrae vra./Bv. versreël 2 (Kwatryn 13): *vra menigeen aan die verhoog se kant* ...
- **Die spreker wonder, saam met al die ander akteurs, of hy/sy ’n hoofrol, of ’n mindere agtergrondrolletjie in die lewe vertolk het**, want die spreker vra of hy/sy die held, of ’n figurant was./Bv. versreël 3 (Kwatryn 13): *Is ek van hierdie klug die held of teen die agterdoek ’n figurant?*
- **Elke mens wil graag weet wat sy/haar aandeel aan die sukses van hul lewenstoneel is**, want dit bly lewenslank ’n vraag waarmee elke mens worstel./Bv. versreël 3–4 (Kwatryn 13): *Is ek van hierdie klug die held of teen die agterdoek ’n figurant?*

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.

**10**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**
**“last grave at dimbaza” – Fanie Olivier**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | “(op ’n wintersnag) so all forlorn” √ | 1 |
| 2.2 | Dit beklemtoon/suggereer die harde/genadelose/koue/ellendige/armoedige/ primitiewe omstandighede./<br>Vertraag die tempo van die versreël. √<br><br>*Die kandidaat kan nie net die woord <u>beklemtoon</u> as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 2.3 | Sinekdogee √<br><br>Die spreker beklemtoon die omstandighede/baie kinders/omstanders wat nuuskierig is. √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Herhaling √<br><br>Dit suggereer/wys dat die ma baie bly is/opgewonde is oor die vooruitsig van lobola. √<br><br>Vergelyking/Metafoor √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.5 | Dit wil die afstand tussen die pa en sy gesin/trekarbeiderstelsel wat hier as milieu aangebied word/moeilike omstandighede van mense onder die vroeëre Apartheidsregering beklemtoon./Die plekke en gebeure is werklik.<br>Dit wil beklemtoon hoe lank dit geduur het voordat die brief sy bestemming bereik. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.6 | Ja<br>Dit verleen geloofwaardigheid aan die spreker./<br>Dit beklemtoon die politieke omstandighede van daardie tyd./die feit dat mense in sulke omstandighede eerder Engels as Afrikaans gebruik het./<br>Dit wil juis wys dat die mense in die vorige tuislande Engels bo Afrikaans verkies het./in Engels gekommunikeer het./<br>Dit sluit by die BBC-dokumentêr, wat in die inhoud en slot ter sprake is, aan./<br>Dit verleen 'n amptelike etiket aan die doodsaankondiging. √√<br><br>*Kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>*Die kandidaat kan binne konteks van hierdie gedig, nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit bevestig die spreker se sekerheid oor die dood.<br>*Eendag* word beklemtoon.<br>Die voorplasing/isolering van *eendag* beklemtoon die woord.<br>Die agterplasing/isolering/beklemtoning van *die dood* word daardeur moontlik gemaak. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.2 | Dit suggereer die onafwendbare aftakeling/dood/ontbinding van die mens/ liggaam deur die dood. √ | 1 |
| 3.3 | Ja<br>Dit beklemtoon hoe onbelangrik die mens is./<br>Dit suggereer die mens is gelykstaande aan diere wat niks spesiaals is nie./<br>Dit ondersteun die boodskap dat die mens niks het om oor aanstellerig te wees nie./<br>Dit suggereer dat die mens (eintlik) pateties is./ondersteun die tema dat 'n mens net oor die mensdom kan huil./<br>Die mens is deel van die diereryk.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die mens het baie bereik op aarde wat diere nie kan doen nie. √<br><br>*Die kandidaat bied by 'n Nee-antwoord iets soortgelyks binne konteks van die gedig aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4 | Die mens is gierig./buit die aarde/omgewing uit. √<br><br>Die mens werk soos bye om rykdom/stawe goud/materiële besittings te vergaar./<br>Die beeld sluit aan by die mens wat besittings opgaar. √ | 1<br><br><br>1 |
| 3.5 | Somber/hartseer stemming √<br><br>aa-assonansie/s-alliterasie √<br><br>Oksimoron √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 3.6 | Ja<br>Die mens vernietig die aarde/homself.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie alle mense vernietig nie, daar is ook diegene wat bewaar. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n gemotiveerde antwoord binne konteks van die gedig aan.* | <br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**'n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "somber"/"suf"/"reën"/"gearseer"/"gebuig"/"windstrome" √ | 1 |
| 4.2 | Die woordgebruik/gebruik van die woord "saamgewriemel'./<br>Geen kommas/voegwoorde wat tussen die woorde gebruik word nie./<br>Opnoeming kom in dié versreëls voor./<br>Die r-alliterasie beklemtoon die onordelikheid./<br>Die gebruik van enjambement √ | <br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Polisindeton √<br><br>Die reaksie van die vlugtelinge word uitgehef./Die omvang van die hartseer word uitgehef. √ | 1<br><br><br>1 |
| 4.4 | Die aanhoudende rolbeweging van die water word beklemtoon. √ | 1 |
| 4.5 | Die mens en dier is voortdurend aan natuurkragte uitgelewer. √<br><br>"weer en weer en weer" √ | 1<br><br>1 |
| 4.6 | Diere sowel as mense vlug van die vloed na hoër dele. √<br>Die lyke van die verdrinktes kan na die mense én diere verwys. √<br><br>"norring vare en moere" √ | <br>2<br><br>1 |
| | | **10** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Inversie – Susan Smith**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die (ryk) vrou (by wie die *beringde vriendinne* kuier)./Iemand van 'n welgestelde voorstedelike gemeenskap. √ | 1 |
| 5.2 | Sy bedien fyngebak op fyn porselein en silwer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord, wat op die swierige/luukse/die beste smaak/styl dui, aan*. | 1 |
| 5.3 | Dit verwys na stories./skinderstories/die vroue wat kuier./Dit waaroor die vroue praat./skinder. √ | 1 |
| 5.4 | "fyn gebak" – "klontjies kos" √<br>"aangebied" – "voer" √<br>"silwer" – "geen eetgerei" √<br><br>*Kandidate moet na beide kante van die kontras verwys om EEN punt te verdien.* | 1<br>1<br>1 |
| 5.5 | Versreël 1–10: Ontevredenheid/snobisme √<br>Versreël 11–23: Aanvaarding/gelatenheid/hartseer √<br><br>Elkeen moet sy/haar lot aanvaar./Mense sal altyd kla: al het hulle alles of niks./Elkeen is verskillend, of jy ontevrede/snobisties/gelate of hartseer is, dit is soos wat jy is. √ | 1<br>1<br><br><br><br>1 |
| 5.6 | Ja<br>Armoede/rykdom word aangespreek soos wat dit in SA plaasvind./<br>Mediese sorg in SA ly tekorte./<br>Hierdie gedig spreek die sosiale probleem van dié wat het teenoor dié wat nie het nie,/aktuele kwessies aan.<br><br>OF<br><br>Nee<br>Armoede en swaarkry is nie uniek aan Suid-Afrika nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering binne konteks van die gedig aan.* | 1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Haar ouers bewys aan Iris dat jy in die huwelik vreedsaam verby mekaar kan leef**, want haar ouers woon gemoedelik vir ’n tyd afsonderlik./Bv. bl. 82: *“Trou?” het ek gevra. “Ek wil nie trou nie.” My redes was moeilik verklaarbaar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie; ek het dit trouens goedgekeur dat Pa weg is om te doen wat hy altyd na verlang het. Hy en Ma was nie kwaaivriende nie; hy het gereeld huis toe gekom, al was dit net dat sy ’n slag sy klere kon heelmaak.*
- **Die feit dat Iris se ouers in afsonderlike woonplekke binne hul huwelik funksioneer**, laat haar met die idee dat dit dalk ’n oplossing vir konflik in die huwelik kan wees./ Bv. bl. 74: *“Ek gee nie om wat julle sê nie,” het Pa beslis. “In Desember trek ek bosveld toe. Die wat wil bly, kan bly.” Ma het gebly.*/Bl. 55: *... en Ma en Pa het in gemoedelike onbegrip saamgeleef.*
- **Iris besef dat liefde en omgee in ’n verhouding verlange meebring,** wanneer haar ma plaas toe trek om haar eie alleenheid op te hef./Bv. bl. 213: *Ongeveer 'n jaar na ons getroud is, het Ma aangekondig dat haar dae leeg geword het en haar aande selfs erger.*
- **Haar ouers se gebrek aan kommunikasie in die huwelik** laat by Iris die persepsie dat gebrekkige kommunikasie binne verhoudings aanvaarbaar is./Bv. bl. 56: *Ma en Pa het in gemoedelike onbegrip saamgeleef.*
- **Haar ouers se gebrek aan kommunikasie in hul huwelik** laat Iris met die oortuiging dat sy nie gaan trou nie omdat sy bang is dat sy binne so ’n verhouding vasgevang gaan raak./Bv. bl. 82: *“Ek het net geweet dat ek nie vasgevang wou word nie. Ek wou nie aan tafel sit, oorkant ’n mens wat nie meer na my luister nie.*
- **Elsa en Hannes se saaklike, koue huwelik** laat Iris besef dat ’n huwelik sonder warmte moontlik kan wees./Bv. bl. 82: *Dit was ook nie te wyte aan Elsa en Hannes se saaklike, geordende huwelik …*
- **Elsa se onromantiese onderklere/onromantiese en nugter siening van die huwelik** skok Iris se idee van ’n romantiese huweliksnag./Bv. bl. 23: *Ek was geskok toe ek die trourok oor haar kop trek en op die bed neersit en sy voor my staan in die mees voorstedelike stel onderklere wat ek nog gesien het.*
- **Hannes se ontrouheid binne hul huwelik laat Iris besin oor die waarde van die huwelik,** omdat sy nie verwag het dat Hannes ontrou sou wees nie./Bv. Bl. 193: *“Kan jy dit glo?” het ek gefluister./“Maar Hannes!”*
- **Elsa se nonchalante aanvaarding van Hannes se ontrouheid** veroorsaak dat Iris oor die waarde van die huwelik besin./Bv. bl. 193: *“Hy kul my,” het Elsa gesê. “Met 'n student van hom.”*

- **Die feit dat die romanse in Hannes en Elsa se huwelik afgekoel het na die geboorte van hul seuntjie**, het Iris laat besef dat die romantiek binne die huwelik naderhand afneem./Bv. bl. 68: *maar teen die tyd dat die kind twee jaar oud was, kon ek min romanse in die situasie sien.*
- **Elsa raak later in haar huwelik 'n beter en gemakliker ma en vrou** wat Iris bewus maak daarvan dat 'n huwelik later van tyd positiewe gevolge kan inhou./Bv. bl. 190: ... *het stralend op en af gedraf met bottels en nat wasgoed en gortwater.*
- **Elsa en Hannes se gemoedelikheid met mekaar later in hul huwelik** laat dit vir Iris lyk of 'n mens in die huwelik jou eie menswees kan verloor en so opgevang kan raak in die ander persoon./Bv. bl. 55: *Elsa en Hannes het mekaar "Mammie" en "Pappie" genoem ...*
- **As Kara weier om aan trou en kinders te dink**, laat dit Iris wonder oor kinders in die huwelik./Bv. bl. 28: *Ek is nie 'n broeikas nie. My lyf behoort aan my./Met die eerste oogopslag het swangerskap my nie getref as iets romanties nie, maar ek het darem geglo dat 'n mens niks durf verwerp totdat jy dit self probeer het nie.*
- **Kara se saambly en latere terloopse troue met Claude** is vir Iris 'n aanduiding dat die huwelik tog 'n opsie behoort te wees, want selfs Kara sien daarvoor kans./Bv. bl. 191: *"Ons is lankal getroud."*
- **Die gemoedelikheid en liefdesgebare tussen Kara en Claude** wat Iris tydens haar kuier by Kara ervaar, maak die begeerte om ook in so 'n verhouding te wees by Iris wakker./ Bv. bl. 91: *... 'n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Elsa se troue √ | 1 |
| 7.2 | Die leser hoor die gebeure net vanuit Iris se perspektief./<br>Die leser weet nie wat die ander karakters dink nie./<br>Die leser lees 'n subjektiewe weergawe van die gebeure. √ | 1 |
| 7.3 | Apartheid/Apartheidsjare/In die tyd van die Apartheidsbeleid √ | 1 |
| 7.4 | Sy weier om die susters as *kleinmies* aan te spreek. √<br><br>Sy vleg die kinders se hare.<br>Sy skryf briewe met raad.<br>Sy help brei vir die kleinkinders. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE gepaste voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 7.5 | Johanna het 'n baie gemaklike/gemoedelike verhouding met Iris en haar familie. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Sy verwag dat Elsa meer romanties moet wees./<br>Sy verwag dat Elsa vrouliker onderklere op haar wittebrood/eerste huweliksnag moes dra. √<br><br>Iris verwag van Elsa om romanties/tradisioneel op haar troue te wees, maar Iris se rok vir haar eie troue is ook nie tradisioneel nie./<br>Iris se trourok is gemaak van haar ma se ou gordyne./<br>Iris trek 'n trui oor haar trourok aan. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 7.7 | Sy soek nog na die ideale huweliksmaat. √<br><br>Iris sien die huwelik as romanties terwyl Elsa dit as prakties/alledaags sien. √<br><br>Iris sien die huwelik as romanties; vir Kara is die huwelik iets wat terloops gebeur. √<br><br>Die egskeiding van dr. Anders maak haar bewus van die werklikheid van die huwelik./van die huwelik sonder die fantasie./wat nie net uit romanse bestaan nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 7.8 | Iris skep die karakter, Greta, wat swanger word./<br>Iris reageer ontsteld as sy hoor dat sy 'n glips was. √<br><br>Kara sê sy gaan nooit trou nie./kinders hê nie./toelaat dat haar lyf 'n broeikas word nie. √ | 1<br><br>1 |
| 7.9 | Dit verwys na Iris se ontmoeting met Peter dieselfde aand./<br>Dit verwys na haar nuwe "boyfriend". √<br><br>**EN**<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie mening aan, bv.*<br><br>Ja<br>Dit het gelei tot 'n huwelik met Peter.<br>Dit het gelei tot die besef dat 'n mens se blomtyd ook in elke dag se gewone bestaan kan lê.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dit het gelei tot 'n vaste verhouding met Peter.<br>Deur Peter se toedoen het sy die modelkontrak laat vaar en so haar enigste kans op 'n blomtyd verloor. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke motiverings vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.10 | Iris beteken godin van die reënboog. √<br><br>Iris se voorkoms is vir haarself vaal en onopsigtelik/.<br>Iris het vir haarself nie soos 'n reënboog gelyk nie./<br>Sy het haar eerder as dienares van hoëre gode gesien. √√<br><br>*Die kandidaat gee TWEE redes vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Innerlike konflik √<br><br>Sy was aanvanklik ongeërg oor die feit dat sy en Peter seksueel verkeer het, maar sy wonder oor die ondeurdagtheid van haar impulsiewe besluit. √<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet TWEE dele waaruit die konflik bestaan, bevat*. | 1<br><br><br>1 |
| 7.12 | Riekie was die strooijonker (by Elsa se troue). √<br><br>Hy het haar nie aangestaan nie./<br>Hy het haar koud gelaat./<br>Sekere dinge van hom het haar irriteer./<br>Sy het moeg geraak vir hom. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Ouma Essie, Manaka se Profeet van die Bybel/geestelike leier, maak dit duidelik dat sy Baas as 'n Christen sien**, want hy is 'n goeie mens./hy bewys goeie dade aan almal./ Bv. bl. 43: *Ouma Essie was reg ... Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring.*/Bl. 91: *Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is.*
- **Ouma Essie is oortuig dat Baas deur die Here gestuur is/uitverkies is om die mense van Manaka te kom help,** want dis hoe die sendingstasie in die verlede begin is./ Bv. bl. 43: *… want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Mana-ka te help.*
- **Ouma Essie bring vir Baas 'n hoender om vir die sendelinge kos te gee** omdat sy hom so aan sy verantwoordelikheid om vir die kerk se mense te sorg, wil herinner./ Bv. bl. 105: "*Dit is vir jou om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het." Baas vat die hoender.*
- **Ouma Essie tree op as bemiddelaar tussen Baas en die sendelinge**, want sy besef sy moet die spanning tussen Baas en die sendelinge ontlont./Bv. bl. 117–118: … *baie jare na die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie. En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?*
- **Ouma Essie tree op as tussenganger tussen Baas en die khuta**, want so verseker sy dat godsdiens sy regmatige plek op Manaka kan behou./Baas in Barotseland kan aanbly om sy droom te kan bewaarheid./Baas later die rol van versorger op Manaka sal kan oorneem./Bv. bl. 167: *"… mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering van hierdie khuta nie meer met 'n gebed oopgemaak word soos dit al die jare was …"*/*"Ek sal hier bly sit dat ek met my eie ore kan hoor of iemand wat sy geld op honger mense en siek mense in jul families uitgegee het, ook weggejaag word."*

- **Ouma Essie beïnvloed vir Baas deur te sê dat die Here vir sy kinders drome gee,/ dat sy droom om ’n boot op die rivier te bedryf die plan van die Here is om hom op Manaka te kry,** want sy wil hom herinner aan sy roeping om ’n verskil op Manaka te maak./ Bv. bl. 203: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.*/Bl. 203 “*Dis nie ons wat jou pla nie. … Dit is die Here, jongman.”*
- **Ouma Essie bely teenoor Baas en die sendelinge dat sy haar Bybel in die water gegooi het toe sy aan God getwyfel het sodat** Baas kan hoor dat almal soms in hul geloof twyfel./Bv. bl. 163: “*Toe het ek, toe ek al ’n ou vrou was, my Bybel in die rivier gegooi ...”*/Bl. 184: (Baas) *Kan ’n mens die ewige lewe hê en dit verloor? Ouma Essie het haar Bybel in die rivier gegooi.*
- **Ouma Essie gee muluti Joseph se lyfband vir Baas om sy broek bo te hou,** omdat sy hom wil lei om simbolies in sy rol as geestelike leier in te groei./want dis simbolies van die krag wat (so glo sy) Baas besit om haar man se opvolger te wees./Bv. bl. 121: “*’n Sterk man moet ’n sterk lyfband dra.”*
- **Ouma Essie help Baas in sy soeke na ’n Christenidentiteit,** want sy beantwoord sy vraag oor wat van ’n mens ’n Christen maak./sy verwys hom na gedeeltes in die Bybel om hom te help met antwoorde op sy vrae./sy vra hom of hy ’n Bybel het./of hy die Bybel glo./Bv. bl. 202: *Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen.*/Bl. 202: “*Glo jy hierdie Boek?”*/Bl. 202: “*Nou vat al twee saam en gaan lees Romeine 10 vers 20.”*
- **Ouma Essie konfronteer Baas met sy geloof in die Bybel** omdat haar opdrag aan hom om sekere teksgedeeltes in Romeine te lees die behoefte by hom skep na meer kennis./ Bv. bl. 202: “*Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie.”*/Bl. 203: “*Dis nie ons wat jou pla nie... Dit is die Here, jongman”, sê sy./Bl. 207: “Wat weet jy van Jesus?” vra Baas.*
- **Ouma Essie stel voor dat Baas uit Romeine in die Bybel moet lees (op soek na antwoorde),** want hy erken dat hy nie al die antwoorde het nie./Bv. bl. 202: “*Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie.”*
- **Ouma Essie gee opdrag dat Baas teksgedeeltes uit Romeine moet lees,** want sy besef dat hy toenemend worstel met/konflik ervaar oor sy Christenskap./dat hy in die Bybel belangrike antwoorde sal kry./Bv. bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*
- **Ouma Essie suggereer dat Baas Manaka toe gestuur is met ’n spesifieke doel (nadat die kerk afgebrand is),** want hy dink onmiddellik terug aan Whitey se woorde oor die sg. familiekwaal./Bv. bl. 234: *Wie weet of jy nie met die oog op ’n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.*/Bv. bl. 234: *Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het?*/Bl.191*: “Omgee is ’n familiekwaal.”*
- **Ouma Essie gee vir Baas ’n hondjie in die plek van Brindle** en bewys hierdeur aan Baas dat ’n Christen aan sy dade geken word./suggereer dat hy in die toekoms ’n leierhond op Manaka sal benodig./dat sy reeds aanvaar het dat hy sal bly./Bv. bl. 239: “*Dit is ’n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het,” sê Grace.*
- **Ouma Essie help Baas om rustigheid oor sy geloof te kry**, want hy begin uit behoefte Bybel lees; dis nie meer ’n ritueel soos op Sable Ranch nie./Bv. bl. 240: *... vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.*/Bl. 26: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal en uiteindelik glad nie meer nie ... aand na aand wag vir die ritueel.*
- **Ouma Essie se groot invloed op Baas is duidelik,** want hy bid sy eerste gebed in jare juis by haar siekbed./Bv. bl. 243: *“Dankie, Here. Amen,” sê Baas.*
- **Vir ouma Essie is die bankies by die worsboom sinoniem met die verkondiging van die Woord,** want sy praat gedurig met Baas daaroor./noem dit die kerk./praat oor die eerste wit man en haar muluti Joseph wat die kinders daar onderrig het./Bv. bl. 118: *Tot daar weer ’n kerkgebou is, sal hierdie boom (en die bankies) die kerk wees.*

- **Baas reageer woedend op Ouma Essie se uitspraak dat hy 'n Christen is,** want hy wil aanvanklik niks met Christenskap te make hê nie./Bv. bl. 43: "*Wat de ... het haar dié idee gegee?"*/Bl. 91: "*Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."*
- **Baas reageer uiters negatief op die suggestie dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is,** want hy wil ongebonde en onafhanklik aangaan met sy lewe./wil nie welsynswerk doen en aan ander aandag gee nie./wil op sy boot fokus./Bv. bl. 43: "*Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie."*
- **Baas begin hom geleidelik steur aan die plaaslike bevolking se nood/begin uitreik na die plaaslike mense a.g.v. ouma Essie se woorde oor sy goeie dade/Christenskap/ die feit dat hy gestuur is**, want hy stap (nadat hy vroeër vir ouma Essie weggejaag het) in die nag Mubuyo toe om malariapille vir Grace weg te bring./Bv. bl. 43: "*Ouma Essie was reg ... Want jy het haar weggejaag, maar agterna het jy tog die malariapille gebring."*/ Bl. 91: "*Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is."*
- **Baas wil aanvanklik niks met die khuta te make hê nie/respekteer hulle nie,** want hy noem hulle hansworse./vloek mnr. Mosko./Bv. bl. 87: *"Sê vir hulle hulle kan in hulle ... vlieg," antwoord Baas.*
- **Baas wil nie die sendelinge op sy blyplek ontvang nie/is baie ontsteld omdat hulle sy privaatheid binnedring,** want hy wil nie by Christenskap/sendingwerk/ander mense betrokke wees nie./glo nie ouma Essie se woorde nie./glo steeds dat hy nie gestuur is nie./ Bv. bl. 82: "*Wat soek julle in my kamp?"*/Bl. 82: "*Dit is mý kamp die," sê hy weer. "En daardie is my honde se slaapplek."*
- **Hoewel onwillig, aanvaar Baas subtiel die verantwoordelikheid vir die versorging van die sendelinge/dat die sendelinge na hom toe gestuur is/dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is**, want hy aanvaar die hoender wat ouma Essie vir hom en die sendelinge bring./Bv. bl. 105: "*Dit is vir jou om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het." Baas vat die hoender.*
- **Baas aanvaar ouma Essie se optrede/leiding/besluite/bemiddeling by die vergadering onder die worsboom/ingryping om die spanning te ontlont,** want hy stem toe dat die sendelinge op die boonste gedeelte van Manaka kan bly./om te gaan jag om kos te kry./dat hy vir die wit mense sal sê wat hulle moet doen om 'n dak oor hulle koppe te kry./ Bv. bl. 118: "*Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry*."/Bl. 119: "*Juffrou Nanna sal jou wegbring*."/Bl. 121: *Baas vat die lyfband van fyngevlegte voorslagriempies wat ouma Essie uit haar voorskoot se sak haal ...*
- **Baas se aanvaarding van ouma Essie se reëlings oor die situasie op Manaka herinner hom aan sy oupagrootjie en sý rol op Manaka**, want ouma Essie verwys na Baas se oupagrootjie, en Baas ook, as versorgers van Manaka./Bv. bl. 117–118: "*Die man wat die Here uitverkies en gestuur het om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter ... baie jare na die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie. En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?"*
- **Baas ervaar toenemend konflik oor godsdiens/sy godsdiensbelewing**, want hy begin meer vrae oor geloof/godsdiens/Christenskap vra./want hy vra vir ouma Essie wat van 'n mens 'n Christen maak./Bv. bl. 202: "*Wat maak van 'n mens 'n Christen, ouma Essie?"*
- **Baas besef dat hy sy godsdiensonsekerheid moet opklaar,** want dit beïnvloed sy omgang met almal op Manaka./in Barotseland./Bv. bl. 202: *"Ek wil weet, ouma Essie. Ek het dit nodig om te weet*."/Bl. 202: "*Ek het meer as een Bybel, ouma Essie. Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie."*
- **Baas se gesprekke/gedagtes bewys al meer dat sy konflik oor godsdiens baie intens is**, want hy vra selfs vir meneer Johnnie uit oor Jesus./dink aan woorde van gesprekke met ouma Essie./Bv. bl. 207: "*Wat weet jy van Jesus?"*/Bl. 203: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.*

- **Baas besef n.a.v. ouma Essie se woorde dat sy droom om, soos sy oupagrootjie, 'n boot op die Zambezi te hê, 'n droom is wat die Here hom gegee het**, want hy kry al meer sekerheid./hy lees al meer uit die Bybel./lees selfs uit Whitey se Bybel./ Bv. bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*/Bv. bl. 210: *Ek het my laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees.*
- **Baas kry rustigheid oor sy geloof a.g.v. ouma Essie se leiding** wat daartoe lei dat hy nou meer gereeld uit behoefte Bybel lees teenoor die *ritueel* wat dit vroeër was./ Bv. bl. 240: *... vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.*/Bl. 26: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal en uiteindelik glad nie meer nie ... aand na aand wag vir die ritueel.*
- **Baas gee die lyfband van muluti Joseph aan ouma Essie terug**, want hy het in die rol van geestelike leier ingegroei./hy het nie meer 'n ander sterk man se hulp nodig om self sterk te word nie./sy godsdiensstryd is opgelos./Bv. bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."*
- **Baas bid vir die eerste keer in jare wanneer ouma Essie op haar siekbed lê,** want hy is dankbaar vir die ou vrou se rol in sy geloofsoortuiging./hy het sy konflik opgelos./hy weet nou wat sy rol op Manaka is./Bv. bl. 243: *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.*
- **Baas aanvaar die verantwoordelikheid as die geestelike versorger van Manaka,** want direk na die gebed sê hy dat die kerk se deure en vensters gekom het./gaan kap hy die buffelkop teen die boom vas as teken dat hy gekom het om te bly./Bv. bl. 244: "*Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*/Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.*
- **Die herstel van die bankies deur Baas en Grace dui daarop** dat die Woord op Manaka sal voortleef./dat Baas 'n groot aandeel aan die geestelike versorging/kerk van Manaka se mense gaan hê./Bv. bl. 244: *Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas*.
- **Baas se omgee vir die geestelike versorging van mense op Manaka blyk duidelik,** want hy koop meneer Johnnie se vrou en kind los./Bv. bl. 239: *Hy (Baas) stuur hom (meneer Johnnie) om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en sy kind.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**OF**

**VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Hy probeer Baas in die versoeking lei./ompraat om by diamantsmokkelary betrokke te raak./<br>Ouma Essie sal onmiddellik onthou dat sy nie vir haar gasvryheid betaal is nie./Hy skuld Ouma Essie geld./<br>Grace sal herinner word aan sy poging om haar te verkrag. √ | **1** |
| 9.2 | Baas voorsien kos aan almal wat op Manaka aankom./deel sy lewensmiddele met almal wat honger en siek is./doen welsynswerk./moes konsessiegeld betaal./kon nie die vleis verkoop nie./het die vleis weggegee. √√<br><br>*Enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*<br><br>Die mense beskou Baas as ’n Christen op grond van sy dade./aanvaar dat hy ’n goeie mens is./sien in hom ’n geestelike leier./kry in hom iemand wat hulle belange op die hart dra./<br>Baas aanvaar uiteindelik dat hy met ’n doel na Manaka gestuur is en/of hulle geestelike leier is. √ | 2<br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| 9.3 | Sy eerlikheid/doelgerigtheid/standvastigheid/goedhartigheid √<br><br>Grace glo Baas is ’n Christen daarom raak hy nie by diamantsmokkelary betrokke nie./doen hy nie verkeerde dinge nie./laat hy hom nie deur Riekert omkoop nie. √<br><br>Dit is realisties, want sy Christelike agtergrond/waardes verhoed dat hy die uitnodiging aanvaar./<br>Hy loop altyd die regte pad./doen altyd die goeie/regte ding./hou hom nie met kwaad op nie./<br>Baas is ’n sterk man./is in alle omstandighede in beheer./laat hom nie in ’n hoek vaskeer nie./wys dat hy baas is op Manaka.<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie realisties nie, want as ’n mens graag ’n droom wil laat realiseer, sal jy enige iets doen. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.4 | Hulle weet dat hy arrogant/’n bedrieër/skurk is. √<br><br>Hy word gevange geneem. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5 | Hy wou sy oupagrootjie se droom laat voortleef. √<br><br>Ja<br>In die slot van die roman is Baas en Grace op pad om die boot te gaan soek./word gesuggereer dat die droom steeds voortgaan./word gesuggereer dat die toeristebesigheid steeds kan realiseer./dat ’n nuwe begin voorlê.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Baas se dae word waarskynlik so vol as gevolg van sy rol as geestelike leier dat die toerbesigheid nooit realiseer nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Zambezi Grace √ | 1 |
| 9.7 | Baas het Grace nooit misbruik nie. √ | 1 |
| 9.8 | Daar is nuwe lewe/hoop/’n nuwe toekoms op Manaka. √<br><br>Baas en Grace herstel die bankies onder die worsboom./Baas en Grace tree in ’n nuwe verhouding wanneer sy hom op sy versoek op sy naam noem./Hulle stap saam, in Lozi-tradisie, om die boot te gaan soek./na ’n nuwe toekoms. √ | 1<br><br>1 |
| 9.9 | Baas en Mark James het dit verwyder toe Baas die boot na die paalstellasie geneem het. √<br><br>Nanna wil die bankies regmaak, maar Baas wil dit nie toelaat nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.10 | Die Bybel/godsdiens sal steeds op Manaka verkondig word./<br>Baas aanvaar sy rol as geestelike leier op Manaka/volg uiteindelik in sy oupagrootjie se voetspore./<br>Baas het gekom om te bly. √<br><br>Whitey het die hout vir die klaarmaak van die bankies voorsien. √<br><br>Grace het vir hom gesê dat R5 te min is vir sy drome./hom aan sy oupagrootjie en die droom herinner toe hy wou moed opgee. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.11 | Riekert het haar eenkeer probeer verkrag./Hy gee geld vir Meneer Kebbey om met Grace te trou. √<br><br>Sy huil oor die verval van godsdiens op Manaka./omdat Baas weier om sy rol as geestelike leier in te neem. √<br><br>*Die kandidate bied EEN rede vir Baas en EEN vir Riekert vir EEN punt elk aan.*<br><br>Dit moet glad nie lekker wees om met iemand te trou vir wie jy nie lief is nie./om met ’n familielid te moet trou nie./<br>Dit moet baie erg wees om verkrag te word. √<br><br>*Enige soortgelyke antwoord vir EEN punt.*<br><br>Dit moet seer maak om te sien/ervaar hoe iemand vir wie jy omgee, die Here ontken./hom teen godsdiens verset./nie sy roeping erken nie./<br>Dit moet bitter wees om te vrees dat jy met iemand soos meneer Kebbey moet trou terwyl jy vir iemand soos Baas omgee. √<br><br>*Enige soortgelyke antwoord vir EEN punt.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.12 | Ja<br>Dié verteller weet ook dat Baas se oupagrootjie bykans ’n eeu vantevore die kanaal laat bou het./verwys subtiel na die kanaal wat Baas en sy oupagrootjie bind. √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL *Vatmaar* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Oom Chai het met Bettie getrou om sy broerskind die skande te spaar**, want sy broerskind was reeds getroud./Bv. bl. 273: *Later het ons gehoor die kind se pa is een van oom Steven se seuns, ’n getroude man met kinders.*
- **Die mense van Vatmaar, Ouma Drieka ingesluit, het min respek vir oom Chai se huwelik getoon** omdat hulle van mening was hy het met ’n kind getrou./Bv. bl. 274: *Hy het ’n kind getrou, die vuilgat!*
- **Oom Chai se huwelik het sy voorkoms beïnvloed**, want hy het sy klere aangepas om jonger te lyk en het nie meer kruisbande gedra nie, maar net ’n belt./Bv. bl. 278: *Óf Bettie óf oom Chai het sy manier van lewe verander.*
- **Die mense het vir oom Chai gelag,** want Bettie het hom domineer en voorgesê hoe om te maak./Bv. bl. 278: *En die mense het gelag as hulle hom met sy nuwe voorkoms sien.*
- **Oom Chai is beïnvloed deur sy huwelik,** want hy het nou aan die stokvel deelgeneem wat hy voorheen veroordeel het./Bv. bl. 279: *Vroeër het hy altyd onder sy peperboom gesit en alles veroordeel wat hy by die stokvel sien gebeur het.*
- **Die ou oumas van oom Chai se portuur het hom ’n gek genoem**, want hy was nou een van die voorbokke met die dans./Bv. bl. 279: *Die blêrrie fool, hy is jags.*
- **Oom Chai se vriende het nie vir hom kom kuier nie,** want hulle het nie meer tuis by hom aan huis gevoel nie./Bv. bl. 280: *Sommer gou het oom Chai se vriende nie meer by hom kom kuier nie, want hulle het gesê hulle voel ontuis.*
- **Oom Chai se dood kan, volgens die dokter,** aan sy huwelik met ’n jonger vrou toegeskryf word./Bv. bl. 281: *Te veel lekker laat die hart staan.*
- **Oom Chai se huwelik bring die lelike in hom na vore,** want hy het nie daarvan gehou dat Bettie met ander seuns dans nie./hy het haar rok oor haar knieë afgetrek sodat die ander nie haar knieë sien nie./Bv. bl. 279: *Hy het nie daarvan gehou dat die seuns met haar dans nie./*Bl. 279*: As hy dan weg was, het die kêrels met hulle oë vir haar gewys sy moet die rok weer opskuif./*Bl. 281: *Sy het soos ’n hen in ’n hok in haar eie huis gevoel.*
- **Mevrou Bosman het nie haar man vertrou nie**, want sy was oortuig daarvan dat hy vir Kaaitjie se swangerskap verantwoordelik was./Bv. bl. 249: *Daai pens ... het iets met jou te make.*
- **Mevrou Bosman het haar man manipuleer**, sy het hom met liefde omgekoop om te doen wat sy wil hê./Bv. bl. 249: *En as dit alles oor was, het sy geweet sy kan hom vra net wat sy wil, hy het amper nooit vir haar nee gesê nie.*
- **Mevrou Bosman se wantroue in haar man** het tot gevolg gehad dat sy Kaaitjie wou dwing om vir ’n aborsie te gaan./Bv. bl. 258: *Da’ vat ek die hak.*
- **George Lewis trou met Ruth omdat hy haar lief het vir wie sy is,** hy sien nie haar kleur nie./Bv. bl. 12: *I don't see her blackness, you know./*Bl. 12: *I am not me and she is not she. Our hearts beat as one beat, and we take breath in-between beats together.*
- **Hul huwelik het gevolge vir albei ingehou t.o.v. hul blyplek**, want Ruth het nie by haar Batswana-mense gebly nie en George nie by sy mense nie, hulle het albei in Vatmaar gaan woon, waar almal welkom was./Bv. bl. 20: *In hul sesde huweliksmaand het hulle in Vatmaar kom bly.*
- **Ruth het na haar huwelik groot invloed op Vatmaar uitgeoefen,** want Vatmaar se mense is as deel van Ouma Lewies beskou en die kerk was stampvol met haar begrafnis./Bv. bl. 41: *Die kerk was stampvol want Vatmaar se mense was deel van Ouma Lewies.*

- **Dit blyk dat George en Ruth se dogter bevooroordeeld optree,** want sy het verkies om nie met die mense van Vatmaar in 'n verhouding te staan nie./Bv. bl. 99: *Dad, het sy gesê, I prefer a white man to a coloured man.*
- **Ma Khumalo se vriendskapsverhouding/ouer-kind-verhouding strek oor grense van rasse,** want sy neem vir Borman (Norman) van der Westhuizen in nadat hy beide sy ouers tydens die Boere-oorlog verloor het en sy eie mense hom nie wou hê nie./ Bv. bl. 198: *Na Vereeniging wou niemand hom hê nie.*
- **Die invloed van dié verhouding is dat elkeen van hulle iemand gehad het,** want Norman het sy ouers in die Boere-oorlog en konsentrasiekamp en Ma Khumalo haar man en kinders in die konsentrasiekamp verloor./Bv. bl. 199: *Hy was dadelik lief vir hierdie nuwe swart ma, want sy was al wat hy op aarde gehad het. En gelukkig vir hom het sy ook al haar kinders en man in 'n swart konsentrasiekamp, verloor.*
- **Ma Khumalo het toegesien dat hy skool toe moes gaan om te leer lees en skryf**, so kon hy as soldaat briewe aan haar en ook namens Heinrich Miller skryf./Bv. bl. 203: *... my ma het my na 'n skool vir bruin mense gevat.*
- **Norman kon vir Ma Khumalo help met die wasgoed wat sy vir 'n inkomste gewas het,** want sy het moeg geword wanneer sy die bult na die Whites se huis moes uitloop./Bv. bl. 203: *Altyd as ek uit die skool uitgekom het, het ek die wasgoed vir Mister Norman White gevat.*
- **Norman kon later vir Ma Khumalo sorg** en sy het nie meer nodig gehad om wasgoed vir 'n inkomste te was nie./Bv. bl. 204: *Daarna het my ma opgehou wasgoed was, want ek het gesê: Dit is nou my beurt om agter die familie te kyk.*
- **Ma Khumalo het nie alleen gesterf nie**, want Norman was by haar./Bv. bl. 209: *Daardie aand so teen nege-uur het Ma Khumalo Norman se hand gevat.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG *Vatmaar* – AHM Scholtz**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Kaaitjie het verdwyn./Kenneth het nie geweet wat van haar geword het nie./waar sy haar bevind het nie. √<br><br>Mevrou Bosman het nie Kenneth se briewe vir Kaaitjie gegee nie. √ | 1<br><br>1 |
| 11.2 | Ja<br>Sy het die wil om te leef verloor nadat sy nie meer van Kenneth gehoor het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar was nie mediese hulp/'n kliniek/'n dokter beskikbaar om Kaaitjie tydens die geboorte by te staan nie. √<br><br>**EN**<br><br>Kenneth het vir vier dae by Kaaitjie se graf gesit. √<br><br>Die mense het met Kenneth gesimpatiseer./Kenneth se hand geskud. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.3 | Teen daardie tyd was Kaaitjie reeds dood. √<br><br>Hy en Suzanne gaan soek na Tant Wonnie nadat die polisie haar in hegtenis geneem het. √<br><br>*Die kandidaat kan 'n ander geskikte voorbeeld uit die roman aanbied.* | 1<br><br>1 |
| 11.4 | Mister Burns het vir Kenneth omgegee./<br>Dit was meer as 'n werksverhouding. √<br><br>Hy moes die vorige voorman weer in diens neem.<br>Kenneth was weer 'n skrynwerker.<br>Kenneth kon nie sy toolbox gaan haal nie**.** √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 11.5 | Sy ma was gekant teen die verhouding met Kaaitjie./<br>Sy het probeer om Kenneth en Kaaitjie se verhouding te verongeluk./<br>Sy wou vir Kenneth 'n geleerde vrou kry. √<br><br>Ja<br>Kenneth se ma ken hom en weet wat goed vir hom is.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ouers/Iemand se ma behoort nie in jou liefdeslewe in te meng nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n gepaste motivering van sy eie aan.* | 1<br><br>1 |
| 11.6 | Kenneth se pa het hom beter geken as wat hy homself geken het./<br>As man het Kenneth se pa verstaan hoe dit voel om na iemand te verlang.√ | 1 |
| 11.7 | Kenneth en Suzan bly saam in Tant Wonnie se huis al is hulle ongetroud. √<br><br>(Die milieu/gemeenskap keur nie 'n swanger, ongetroude meisie goed nie) gevolglik het Kenneth en Suzan in aparte kamers geslaap. √ | 1<br><br>1 |
| 11.8 | Sy neem Kaaitjie se baba as haar eie aan. √ | 1 |
| 11.9 | Kliniek Katrina √<br><br>Ja<br>Hy het gevoel Kaaitjie se nagedagtenis kan so vereer word.<br>Hy kan voortgaan met 'n nuwe lewe./sy verhouding met Suzan verder neem.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Kenneth sal hom altyd verwyt omdat Kaaitjie dood is sonder om sy briewe te ontvang. √<br>'n Kliniek sal hom nog altyd aan Kaaitjie herinner. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes binne konteks van die roman vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.10 | Kaaitjie het Kenneth se kind verwag wat indirek tot haar dood gelei het, terwyl Kenneth bid dat hy nie die oorsaak van iemand se seer wil wees nie. √ | 1 |
| 11.11 | Omdat Kenneth 'n gelowige was, het hy nie die dames misbruik nie. √<br><br>Hulle wou trou as teken dat God hulle saamgevoeg het. √ | 1<br><br>1 |
| 11.12 | Sy het geweet sy was verantwoordelik vir die brand, maar kon aanvanklik vir niemand sê nie. √ | 1 |
| 11.13 | Hy was oortuig dat sy ouers Suzan sal aanvaar. √<br><br>Dit voltooi 'n sirkel van liefde./<br>Suzan is vroeg sonder 'n pa gelaat en het nou iemand wat sy plek inneem./<br>Suzan het haar ma verloor, maar het nou byna weer haar pa teruggekry. √ | 1<br><br>1 |
| | | **25** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **25** |

**OF**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL – *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

*Die kandidaat mag die innerlike en/of die uiterlike handeling in die antwoord aanbied solank dit met die tema van die uitsiglose bestaan waaruit niemand kan ontsnap nie, verband hou.*

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die mense op die Kaapse Vlakte is gevange omdat daar geen infrastruktuur of behoorlike fasiliteite in die ruimte is nie./**Bl. 49: *Never mind the match-box houses, die sement-strippies wat pass vir strate, never mind die busfares ennie trainfares wat julle moet betaal om te travel werk toe. Never mind lat jul nie amenities en facilities in die township het nie!*
- **Vanweë hul sosio-ekonomiese omstandighede kan hulle nie die *township* verlaat nie**, want hulle het nie geld om in een van die beter woonbuurte te gaan woon nie./ Bl. 50: *Jy't nou 'n opportunity ge-strike om geld te maak, but the others? The others? ... Under the bread-line, man.*
- **Omdat die families ontwortel en alle familiebande en geskiedenis vernietig is**, is daar geen vooruitsigte vir die mense van die Kaapse Vlakte nie./Bl. 50: *Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... tóé, Coloureds, ýt, ýt gaan bly dáárso, ...* /Bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line ... en jy vrek hierso ónner die bread-line ...*
- **Cavernelis word gedwing om 'n beter tuiste vir sy gesin te soek**, omdat die ruimte gevaarlik is./Bl 31: ... *toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente./Bl. 32: 'it was drie gangs.*/Bl. 33: ... *en ek het net gesê skud hulle.*

- **Cavernelis wil graag in 'n ander/beter woonbuurt gaan bly**, want hy word oor sy Bolandse aksent gespot./Bl. 20: *Mister Cavernelis praat darem mooie taal, nè./Hoge Afrikaans./Kan ek help dat ek van die Boland ... van up-country af ... kom?*
- **Cavernelis voel hom in die Kaapse Vlakte ontuis en wil so vinnig moontlik daar weg,** daarom beoefen hy twee beroepe./Bl. 3: *Ja, hoekom jy jou vrek werk by die polony factory, week in en week uit, en dan elke aand ook nog, en weekends ook nog canvass, canvass, canvass met die soft goods ...*
- **Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word onder die dekmantel van modelwerk en skoonheidskompetisies**, omdat dit kan beteken dat hulle vinniger uit die township kan wegkom./Bl. 7: *... man, daai ou dêrre haitie-taitie vrek van 'n Cavernelis, hy úse haar, man ... hy use sy eie vlees en bloed so*, ... /Bl. 17: *Nei because haar daddy stuur vir haar yt op die lonely hearts biesagheit, even op die Sondag!*
- Alhoewel Map se ruimte een is waar armoede en werkloosheid deel van hul bestaan is, **het hy besluit om 'n werk te soek**./Bl. 24: *... , daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messanger ... Ons het problems gehad met geld ...*
- **Map wil vir hom 'n beter lewe buite die township probeer skep,** daarom probeer hy 'n goeie werk kry./Bl. 31: ... *en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, ...*
- **Map is ontwortel en sy geskiedenis is vernietig** daarom soek hy sy identiteit elders**./** Bl. 16: *Hy was mos altyd die leader ... Ennie leader moet die responsibility vat ... /* Bl. 24: *... Ek wil oek iets gewies het ... /*Bl. 31: *'Cause ek wil somewhere ge-belong het?/*Bl. 50: *Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... tóé, Coloureds, ýt, ýt gaan bly dáárso, ...*
- **Map se soeke na werk is onsuksesvol** want as moordenaar/getatoeëerde wat op sy tronklewe dui, word hy nie vertrou nie. Dus is Map 'n gevangene van sy omstandighede./Bl. 46: … *Jy try vir iets wat goed is, maar foei tog! Was in vir moord, en soek 'n job! You must be crazy!*

- Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG – *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Na die Kersorkes. √<br><br>Die orkes/-leier tree nie vergewensgesind/met vergifnis op nie. √ | 1<br><br>1 |
| 13.2 | Nee<br>Oompie Paulsen was onverdraagsaam teenoor Map./wou Map nie weer in die Kersorkes laat speel nie.√<br><br>Die wenmotief is vir hom belangrik.<br>Oompie Paulsen is nie vergewensgesind nie.<br>Oom Paulsen is perfeksionisties (want hy verwag net die beste van sy orkes).<br>Oompie Paulsen gee niemand 'n tweede kans nie. √√√<br><br>*Die kandidaat verskaf DRIE gepaste karaktereienskappe binne die konteks van die drama.* | 1<br><br>3 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.3 | Vasgevangendheid √<br><br>Maud is in haar woonstel vasgevang./kom nie uit haar woonstel nie./bekyk die lewe in die township vanuit die venster. √<br><br>“ytkom” √ | 1<br><br><br>1<br><br>1 |
| 13.4.1 | Sy werk by die masseersalon./<br>Sy is ’n prostituut wat onder die dekmantel van modelwerk, in Constantia werk. √<br>Blanchie (en haar pa, Cavernelis) beskou hul as verhewe bo die inwoners/ “haitie-taitie”. √<br><br>*Die kandidaat verskaf TWEE redes vir EEN punt elk.* | 2 |
| 13.4.2 | *Die kandidaat verskaf ’n* ***eie gemotiveerde mening****, bv.*<br><br>Ja<br>Die kerrimspelers weet dis verkeerd dat Blanchie by ’n masseersalon werk.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ander mense het nie iets te sê oor Blanchie se keuses in haar lewe nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 |
| 13.5 | Ja<br>Tommy is die skinderbek./“act” net onkundig./<br>Tommy wil net nog moontlike inligting inwin wat hy kan gebruik wanneer hy van iemand skinder. √ | 1 |
| 13.6 | Ivan Philander het Klein-Meisie verkrag./verwurg en Map Jacobs is vir die moord op Ivan Philander tot tronkstraf gevonnis. √<br>(Antie Grootmeisie is stom sedert daardie aand en) **sy besoek Map in die tronk./was teenwoordig toe Klein-Meisie vermoor is./is ook verkrag**. √ | 1<br><br>1 |
| 13.7 | Ja<br>Map het nie die werkgewers (soos voorheen) blameer as hy nie aangestel word nie, maar net nog ’n kans gevra. √<br>Map het nie wraak geneem soos wat almal verwag het sal gebeur wanneer hy vrygelaat word nie./van Blanchie hoor nie. √<br>Map het vir Blanchie vergewe vir die aborsie/dade met die “wit varke”. √<br><br>*Nee kan nie as ’n antwoord aangebied word nie.* | 3 |
| 13.8 | Map moet op sy geloof konsentreer./<br>Blanchie sal Map se aandag van sy geloof/nuwe pad aflei./<br>Om vir Blanchie te help om haar droom te verwesenlik, sal Map noodgedwonge weer by misdaad/bendes betrokke raak om finansiële redes. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9 | Map is op parool vrygelaat. √<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Map is terug in die beperkende omgewing van die township wat weer as sy tronk beskou kan word.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Map kan nou vry van die bendes leef./is vry om in die township te beweeg.<br>Map is bekeer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n geskikte motivering binne konteks van die drama aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.10 | Paulus/Saulus √<br><br>Net soos Saulus/Paulus het Map 'n geestelike verandering ondergaan./is bekeer. √<br><br>Ja<br>Map was eers die bendeleier wat onskuldiges aangeval het, maar na sy bekering het hy, nes Paulus, berou gehad het oor sy aanvalle op mense.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Map het nie na sy vrylating 'n daadwerklike poging aangewend om mense te bekeer/te ondersteun nie. √ | 1<br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.11 | "Redemption" √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

## VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL *Mis* – Reza de Wet

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

Dis 'n breë raamwerk van feite.

Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Miem wend pogings aan om haar uitsiglose bestaan te verbeter wanneer sy bly werk om 'n beter lewe vir haar en Meisie te probeer bewerkstellig**, want haar harde werk met die mis hou moontlike finansiële voordeel in./Bv. bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*
- **Miem sien Konstabel se koms as 'n geleentheid om vir Meisie 'n moontlike liefdesuitkoms te bied**, want sy moedig 'n verhouding aan./Bv. bl. 24: *Meisie kook die heerlikste kos, weet u?*
- **Miem glo dat Gabriël tog ondertoe sal kom wanneer Meisie tot trou kom**, wat daarop dui dat sy hoop om 'n normale huweliksverhouding met haar man te hê./Bv. bl. 48: *Ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou.*
- **Miem gebruik ook die koms van die konstabel as tydelike ontvlugting van haar vasgevangenheid** wanneer sy haar hart teenoor hom oopmaak./Bv. bl. 31: *Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel.*
- **Miem glo vir 'n paar oomblikke dat sy vry kan word van haar uitsiglose bestaan** toe sy met Konstabel oor Gabriël praat./Bv. bl: 47: *Dit is so lank laas … lank laas … dat 'n man vir my goeienag gesê het.*
- **Miem ervaar tydelike seksuele bevryding**, want sy erken teenoor Konstabel dat sy teenwoordigheid iets in haar aanwakker./Bv. bl. 48: *om 'n man hier te sien … dié tyd van die nag … wel … dit maak weer dinge in my wakker.*
- **Gertie beweeg weg van haar uitsiglose vasgevangenheid wanneer sy Konstabel se geselskap opsoek**, want sy is alleen en eensaam./Bv. bl. 43: *Konstabel, ek wil graag iets vra. Ek hoop nie u gee om nie.*
- **Gertie verander wanneer sy die konstabel se tante begin naboots**, want sy wil soos tant Hannie sensueel wees./Bv. bl. 47: *GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.*
- **Gertie word meegevoer deur die Konstabel se vertelling van sy tant Hannie,** en dit is 'n poging tot seksuele bevryding./Bv. bl. 45: *GERTIE wieg heen en weer met haar lyf skerp agteroor en haar kop heeltemal terug.*
- **Gertie se verandering na Hannie is 'n tydelike bevryding**, want dan skrik sy terug en vlug./Bv. bl. 47: *GERTIE lyk verward, asof sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur.*
- **Gertie se tydelike ontvlugting van haar saai oujongnooibestaan wys haar behoefte** om nie so vasgevang te wees in 'n bestaan wat geen opwinding bied nie./Bv. bl. 46: *GERTIE laat haar bloes op die vloer val. Onder haar bloes dra sy 'n onooglike wit wol-frokkie.*
- **Gertie leef haar in Konstabel se wêreld in en stel haar oop om gemanipuleer te word,** juis omdat sy wil losbreek van haar vasgevangenheid./Bv. bl. 45: *Nog. (Sag en byna smekend) Nog, as u wil.*
- **Die verandering van die konstabel tot magiese nar skep die geleentheid vir Meisie se rituele dans** wat haar hunkering na verandering duidelik wys./Bv. bl. 50: *Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan.*
- **Meisie hunker na 'n totale permanente bevryding** en sy verander in die slot om bevry te word van haar ma./Bv. bl: 51 *Sy breek skielik weg van hom.*
- **Meisie dans by die deur uit,** want sy breek los van haar huidige omstandighede./Bv. bl. 51: *Sy dans na die agterdeur.*
- **Ons leer Meisie ken as 'n gehoorsame dogter,** maar uit die slotbeeld sien ons hoe sy verander het in 'n bevryde, onafhanklike vrou./Bv. bl: 51: *Haar dans word uitbundiger.*
- **Meisie ervaar vryheid**, want sy dans voor Konstabel by die deur uit./Bv. bl. 51: *Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
- **Meisie se kaalvoetdans skep die illusie van vry word van die aardse** en daarom is die feit dat sy kaalvoet dans juis deurslaggewend./Bv. bl. 51: *Jy het mos gesê sonder skoene.*

| |
|---|
| • **Meisie wil aan die einde van die drama ook losbreek van Konstabel** om haar vryheid en onafhanklikheid behoorlik te vier en te geniet./Bv. bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom.*<br>• **Meisie maak haar in die slot los van die aarde**, want sy sweef weg van haar uitsiglose bestaan./Bv. bl: 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur.*<br>• Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. |

**25**

**OF**

**VRAAG 15 KONTEKSTUELE VRAAG *Mis* – Reza de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Die uitroepteken/vraagteken/skryfteken/Miem se uitroep trek onmiddellik die leser se aandag./<br>Die leser/kyker wil dadelik weet wat Miem hoor. √ | 1 |
| 15.2 | Miem se huis/op 'n kleinhoewe/Die kombuis √ | 1 |
| 15.3 | Spanning/Angstigheid/Vrees √<br><br>Dit is die laaste aand van Augustus./Daar het die vorige twee jaar elke keer 'n meisie op hierdie aand verdwyn.√ | 1<br><br>1 |
| 15.4 | Miem verbied Meisie om deur die gordyne te loer./na die sirkus toe te gaan./na die sirkusmusiek te luister./<br>Sy dwing haar aan Konstabel op./dwing haar om voor Konstabel te staan sodat hy haar gesig kan "sien"./<br>Sy moet die heeldag werk./skoonmaak. √√<br><br>**EN**<br><br>Nee/Miem se optrede is ongeregverdig.<br>Meisie is al oud genoeg om haar eie besluite te neem./enige kind verdien meer vryheid as wat Miem bereid is om toe te laat./Miem behoort met meer geduld teenoor Meisie op te tree.<br><br>**OF**<br><br>Ja/Miem se optrede is geregverdig.<br>Daar heers onheil in die dorp en Miem sal enigiets doen om haar dogter se veiligheid te verseker. √ | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.5 | Miem wil die bose besweer. √<br><br>Miem wil Meisie beskerm. √ | 1<br><br>1 |
| 15.6 | Miem en Meisie gebruik die naald en garing om goiingsakke waarin die mis verkoop word, te maak. √ | 1 |
| 15.7 | Meisie word herinner aan haar ongehoorsaamheid wat tot Miem se siekte gelei het. √<br><br>Toe die Konstabel haar aan die einde van die drama bekoor, breek sy los./Meisie se versugting/smagting om die sirkus te sien/na haar vryheid. √<br><br>Sy verlaat die huis saam met die Konstabel (sonder om haar aan moets/moenies/haar ma te steur.) √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.8 | Konstabel het geïnsinueer dat Gabriël vir die verdwynings verantwoordelik is./ Miem het hom daaroor gekonfronteer.√ | 1 |
| 15.9 | Dit kan op verbasing dui.<br>Dit kan op begrip/verstaan dui.<br>Dit kan op Gertie se sensuele reaksie dui. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE moontlikhede vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.10 | Hy manipuleer Gertie/die situasie toe hy haar manipuleer om sy sensuele tant Hannie te word. √<br><br>Dis gemeen om die oujongnooi Gertie, wat na 'n verhouding met 'n man smag, so te manipuleer dat sy haar sensuele kant wys.<br>Hy het geen planne om 'n verhouding met haar aan te knoop nie.<br>Dis onaanvaarbaar om so teenoor Gertie op te tree terwyl hy in sy hoedanigheid as Konstabel/deel van die ontplooide waakeenheid/beskermer huisbesoek aflê.<br>Gertie vertrou die Konstabel wat die situasie uitbuit. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.11 | Miem is steeds die een wat Meisie met 'n ysterhand regeer./voorsê wat om te doen. √<br><br>Meisie is steeds onderdanig./gehoorsaam wanneer haar ma 'n opdrag gee. √ | 1<br><br>1 |
| 15.12 | Die blinde konstabel mis kwansuis die geleentheid om 'n mooi meisie te ervaar.<br>Die blindheid skakel met die mis – om iets te mis omdat jy nie kan sien nie.<br>Die drie vroue mis die waarheid dat die konstabel voorgee.<br>Die drie vroue sit die pot mis deur hul te laat manipuleer om dinge te doen/te dink wat nie heeltemal aanvaarbaar is nie.<br>Daar is 'n gemis in al drie die vroue se lewe; daarom laat hulle hulle intrek by die konstabel se speletjie en manipulasie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die Konstabel het nie werklik respek vir die vroulike geslag nie.<br>Die Konstabel stel teleur in sy rol as beskermer/konstabel/deel van die polisiemag.<br>Die Konstabel gee voor om iets te wees wat hy nie is nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE aanvaarbare menings, binne die konteks van die drama, vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou